Vaalrivier Kamp Boe – Boe's

Vaalrivier het n geruime tyd n Boe-Boe plaatjie waar ons iemand identifiseer wat droog gemaak het op n kamp. Bestuur het dit goed gedink om n blad te skep waar ons kleiner insidente ook bekend maak.

By Kedu River Lodge het almal baie lekker gekuier, en dit maak die deur oop vir allerhande interressanthede.

Chantell van Zyl skreeu op haar arme man Rian die hele oord vol, dat Carine (wat self daarmee stoei ☺) en Tannie Wilma saam nader stap en kritiek lewer. Plotrot as jy hulle sou vra

Oom Neels Kriel steek die draagbare blikdoosstofie aan en draai om en loop. Genadiglik sien PJ hoe vat die hele stoof vlam en waarsku Neels. Net toe Neels hom gooi, ontplof die blikdoos.

Marcel Van In praat so in gedagte op sy selfoon dat hy angstig Carine vra waar die einste foon is.

Rassie en Rina se woonwa is gebruik om die erediens se notas op vas te maak. Kort na die diens in volle stoom is, kom hulle twee, saam Piet en Erika van die amblusieblok af terug gesluip al agter die woonwaens en voertuie verby. Hulle was darem naby genoeg aan die Prediker om die boodskap verder te luister.

Eugene en Beverley Ferreira kan al amper toe oe Kedu toe ry. Hulle het die kampplaatjies vergeet en moes huis toe ry. Later het Carine aansporingsplaatjies nodig gehad, en het hulle toe weer gery.

Leon Delport het solank sy woonwa begin spuit met die brandblusser, vir ingeval hy dalk later besluit om vlam te vat.

Carine is al weer op soek na Marcel
en neem sommer aan hy is weer êrens heen.
Sy roep hom toe kliphard vanaf die woonwa
deur af die oord af, net om sy stem rustig hier
agter haar in die woonwa te hoor.



Onthou die “Big Brother” oog hou jou dop, jy kan dalk in die volgende Boe-Boe blad wees.

‘n Familie is persone wat saam kan lag, saam kan deel in die lewe se druk, saam kan huil oor ‘n gebreukte hart, saam kan kamp opslaan en lekker kuier.